-1-

"Ons Vader..."

Van al die name waarmee God beskryf word, is hierdie naam, ABBA (Vader) een van die gunstelinge. Terwyl Jesus op aarde was het Hy hierdie woord meer as 200 keer gebruik, soos aangeteken. Van Jesus se eerste woorde wat aangeteken was is, "...het u nie geweet dat ek in die huis van my Vader moet wees nie?" (Luk 2:49) en van sy laaste woorde was "Vader, in U hande gee Ek my gees oor" (Luk 23:46). In die evangelie van Johannes gebruik Jesus die woord Abba (Vader) 156 keer. Dis is so, dat die woordjie "vader" vir ons baie betekenis inhou. In die gebed wil Jesus ons nooi om in dieselfde verhouding met ons Hemelse Vader te staan.

1. Stelling: " Jy kan ophou om God se kind te wil wees, maar Hy sal nooit ophou om jou Vader te wees nie"
    a. Het jy al ooit gevoel dat jy nie meer 'n kind van God wou wees nie? Hoekom?
    b. Wat veroorsaak dat mense nie meer kinders van God wil wees nie?
    c. Hoe weet ons dat God nie wil ophou om ons Vader te wees nie?

2. Om te kan sê "Ons Vader" beteken dat jy in 'n bepaalde verhouding met God staan.
    a. Praat bietjie oor die spesifieke verhouding
    b. Die Bybel noem onder andere dat ons aangeneem is as kinders van God (Gal 4:4-7; Efes 1:3-5). Hoekom dink jy gebruik die Bybel die term "aangeneem"?
    c. Hoekom dink jy wil God ons aanneem?
    d. Wat kry Hy daaruit?

3. God (Ons Vader) is nie ‘n “mooiweers-pa” nie. Hy sal jou nie sommer net laat gaan nie. Hy bly lief vir jou, ongeag wat jy doen.
    a. Waarom dink jy is dit belangrik om te weet dat God ons nooit sal verlaat nie?
    b. Hoe beïnvloed dit jou daaglikse gedrag?

4. Dink weer na oor die woorde “Ons Vader”
    a. Wat kommunikeer die woorde aan jou?
    b. Hoe laat dit jou voel?
    c. In watter opsigte is God vir jou soos ‘n Vader?

5. Lees Lukas 15:11-32
    a. Watter beeld van ‘n pa word deur die gelykenis uitgebeeld?
    b. Met watter een van die karakters in die gelykenis identifiseer jy die meeste en hoekom?
    c. Hoekom is veral vers 20 ‘n goeie voorbeeld van ons hemelse Vader. Hoe kan hierdie “beeld” ons gebedslewe verryk?

6. Lees Romeine 8:15-17, Gal 4:4-7, Ef 1:3-8
    a. Hoe word iemand ‘n kind van God volgens die tekse?
    b. Watter regte en voorregte word aan God se kinders geskenk?
    c. Hoe beïnvloed hierdie kennis jou gebedslewe?

7. Spandeer ‘n paar minute saam met God en praat oor niks anders met Hom as oor wat dit vir jou beteken om Hom “Vader” te noem nie.

-2-

"...wat in die hemel is..."

Het jy ookal agtergekom hoe fassinerend dit vir jou as kind was wanneer jou ouers so baie kennis het. As pa al die motors wat verby flits kan identifiseer. Hoe ma melk, eiers, koekmeel ens. bymekaar kan gooi en daar later 'n heerlike koek te voorskyn kom. Hoe pa weet dat ek sekere goed nie kan doen nie, want dis gevaarlik.
Dieselfde beginsel geld vir ons en God. Hy weet net soveel meer. Sy gedagtes is soveel hoër as ons sin..."My gedagtes is nie julle gedagtes nie en julle optrede nie soos myne nie" (Jes 55:8)

1. God is ook teenwoordig in 'n ander dimensie, wat ons nie kan sien nie. As ons daaraan dink, dink die meeste aan die hemel.
    a. Hoe dink jy lyk die hemel?
    b. Waar is die hemel volgens jou?
    c. As die Vader dan in die hemel is hoe kan Hy ons van hulp wees?

2. Kyk gerus weer na die sterre op 'n helder aand. Laat jou gedagtes gaan oor die grootheid van God. Probeer bietjie die sterre tel.

3. Die feit dat die gebed sê "Ons Vader wat in die hemel is..." laat dit jou ver van God af voel?

4. Watter voordeel hou dit vir ons in dat God in die hemel is?

5. Lees 1 Kor 1:25
    a. Watter vergelyking word gemaak in hierdie vers?
    b. Hoekom moet hierdie vers vir ons selfvertroue gee in ons gebedslewe?
    c. Hoe kan die vers help om ons teleurstellings in ons eie gebedslewe te oorkom?

6. Lees Jes. 55:8-9
    a. Wat probeer die gedeelte vir ons sê?
    b. Hoekom behoort hierdie verse ons baie selfvertroue in gebed te gee?
    c. Dink jy die vers is behulpsaam in die proses om ons teleurstellings rakende ons gebede te oorbrug?

7. Hoe laat Matteus 19:26 jou voel?

Iemand het eenkeer geskryf: "Nature is God's workshop. The sky is his resume....You want to know who God is? See what he has done. You want to know his power? Take a look at his creation. Want to know his size? Step out into the night and stare at starlight emitted one million years ago and then read 2 Chronicles 2:6, " No one can really build a house for our God. Not even the highest of heavens can hold him."

8. Lees Psalm 19:1-6
    a. Hoe leer die heelal ons iets oor God?
    b. Wat is vir jou die fassinerendste van die heelal en hoekom?
    c. Wat het Dawid omtrent God geleer terwyl hy na die skepping gekyk het?
    d. Dink jy hierdie kennis en insig was bevorderlik vir sy gebedslewe?

9. Lees in jou eie tyd Openbaring 21:1-22:6.

-3-

"...laat u Naam geheilig word..."

Ek weet nie of jy ook soos ek is nie, maar as ek in die wildtuin ry dan moet dit doodstil wees. As ek in die aand langs die kampvuur sit, moet dit doodstil wees. Al wat ek wil hoor is die naggeluide en die geknetter van die kampvuur. Binne die wildtuin moet 'n mens ook aanpas, daar is harde musiek onvanpas. Hoekom? Want jy is in die natuur en ten einde die volle impak van die omgewing en natuur in te neem moet jy in stilte wees.

In hierdie vers van die gebed "...laat u Naam geheilig word..." is daar iets hiervan teenwoordig, want die woord "heilig" beteken afgesonder. Hierdie spreek dus iets van die wyse waarop ons God moet nader in gebed, hoe ons Hom moet aanspreek. Daar is krag in Sy naam. Destyds het die mense voordat hulle die woordjie "Jahwe" wat Here beteken geskryf het, eers gaan bad en daarna die instrument waarmee hulle gekryf het verbrand. Dis hoe heilig hulle God beskou het. In die gebed gaan dit daaroor dat ons nie sommer net in gesprek is met enige een nie, maar met die Lewende God. 'n Heilige God. Jou Hemelse Vader!!

1. Hoe kan ons vandag God se naam heilig maak?
2. Hoe ontheilig ons vandag God se naam? Is dit meer as bloot die misbruik van Sy naam?
3. Watter rol speel jy in die heiliging of ontheiliging van God se naam?

In die verhaal van Job leer ons dat daar somtyds 'n tyd is om stil te bly. Job en sy vriende was in gesprek met mekaar oor alles wat besig was om met hom te gebeur. Hulle het oor God gepraat en gespekuleer, maar nooit ooit het God enige iets gesê nie, dis asof Hy gewag het dat hulle in hulle "skynbare wysheid" alles moontlik kwyt raak. Op 'n stadium is Job in gesprek met sy vriende en praat hy asof hy God ken en meer van God af weet as God self. In

hoofstuk 38 is God aan die woord en dan begin Hy vrae vra. Uit die hoofstuk kom 'n mens agter dat God heilig is en verhewe bo ons is en dat ons dit altyd in gedagte moet hou, ja verseker in ons gebedstyd met Hom.

4. Plaas jouself vir 'n paar oomblikke in Job se skoene. Watter uitlatings sou jy teenoor God gemaak het as al die slegte dinge ook met jou gebeur het?
5. Hoe voel jy as mense sulke uitlatings teenoor God maak of as mense dink hulle weet alles van God af?
6. Het jy al in moeilike omstandighede daarop aangedring dat God vir jou 'n antwoord moet gee?
7. Dink jy daar is 'n rede hoekom die frase "laat u Naam geheilig word" so vroeg in die gebed aan die woord kom?

8. Lees Job 38:3-18
    a. Dink jy daar is 'n verduideliking vir al God se vrae?
    b. Wat is Job veronderstel om hieruit te leer?
    c. Hoe sou jy reageer op hierdie vrae?

9. Lees Job 40:4-5 en 42:1-6
    a. Hoe het Job gereageer en was dit van pas om so te reageer?
    b. Wat het Job aan die einde van die dag oor God geleer?
    c. Het dit sy gesindheid jeens sy omstandighede verander?

10. Lees Psalm 46:11
    a. Watter opdrag word hier aan ons gegee en wat is die rede vir die opdrag?
    b. Is dit maklik of moeilik vir jou om dit na te kom?

11. Gesels met mekaar oor hoe julle prakties God se naam kan heilig hou.

-4-

"...laat u koninkryk kom..."

1. *Wanneer ons bid "laat u koninkryk kom..." dan is dit nie sommer net enige woorde wat gespreek word nie. Dit is lewensveranderende woorde. Jy nooi die Vader om in elke aspek van jou lewe betrokke te raak, jou blydskap sowel as jou vrese.*
    a. Het jy al hierdie versoek opreg gebid? Deel dit met die groep
    b. Wat verstaan jy onder die woorde "laat u koninkryk kom"?
    c. Hoe het jou lewe verander nadat jy die woorde opreg gebid het?
    d. Hoe gereëld dink jy is ons veronderstel om hierdie woorde te bid?
    e. Hoekom dink jy is dit nodig vir ons om die woorde te bid?

2. *"Laat U koninkryk kom" is om as't ware in God se troonsaal te staan en vir Hom iets te vra. Dit laat my dink aan die verhaal van Ester wat ons in die Bybel lees.*
    a. Praat kortliks oor die verhaal van Ester in hooftrekke.
    b. In watter opsig dink jy is Ester verteenwoordigend van ons wat vir God moet bid "laat U koninkryk kom"?
    c. Dis asof Haman verteenwoordigend van Satan is. Hoekom wil Satan dit ten alle koste vermy dat ons hierdie frase "laat U koninkryk kom" sal bid?

3. Lees Hebreërs 4:14-16
    a. Watter titel word hier aan Jesus gegee en wat behels hierdie titel?
    b. Watter verskil maak hierdie titel aan ons lewens?
    c. Watter waarde het vers 15 vir jou?
    d. Hoe kan jy vers 15 sien in die lig van die frase "laat u koninkryk kom"?
    e. Wat is verblydend van vers 16, veral in die lig van vers 14-15?
    f. Maak jy gebruik van hierdie voorreg?

4. Lees Hebreërs 12:28-29. Hierdie vers sê vir ons watter koninkryk ons ontvang het, ‘n wankelbare een. Ek en jy besef dit daagliks, dis hoekom ons bid “laat u koninkryk kom”.
    a. Praat bietjie oor God se onwankelbare koninkryk
    b. In die lig van vers 28 se tweede gedeelte, wat moet ons houding wees as ons tot God bid “laat u koninkryk kom”?
    c. Stem jy saam dat om hierdie frase (laat u koninkryk kom) te bid, beteken dat ek totaal beheer van my lewe oorgee aan Hom?
    d. Wanneer laas het jy opreg voor God gebid “laat u koninkryk kom?

-5-

"...laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel..."

1. God het 'n plan en Sy plan is goed. Hoe kan ek as kind van God uitvind wat daardie plan is?
    a. Glo jy dat God 'n plan vir jou lewe het? Hoekom?
    b. Hoe vind 'n mens uit wat daardie plan is?

2. Om te bid "laat u wil geskied" is om God se hart op te soek. God het 'n algemene wil vir die wêreld en 'n spesifieke wil vir jou lewe.
    a. Wat verstaan jy onder God se spesifieke wil en algemene wil?
    b. Hoe help God se algemene wil ons om God se spesifieke wil vir ons vas te stel?
    c. Hoe gaan 'n mens te werk om God se wil vas te stel?

3. Lees Matt 7:21, 10:29; Joh 6:40; Hand 18:21; Rom 12:2; Ef 5:17-21; 1 Tess 4:3-8, 5:18
    a. Wat leer jy oor God se wil vanuit hierdie verse?
    b. Hoe gewillig is jy om God se wil te doen?
    c. Wat verstaan jy onder God se wil op die aarde en God se wil in die hemel?

4. Lees Joh 11:1-44
    a. Wat was Jesus se reaksie op die aanhoor van die dood van Lasarus?
    b. Hoe reageer Marta en Maria toe Jesus opdaag en hoe reageer Jesus?
    c. Wat dink jy was Jesus se motief om so laat op te daag?
    d. Wat leer jy uit die gedeelte oor die wil van God?

5. Lees Matt 26:36-42. In die tuin van Getsemane het Jesus spesifiek gebid "...nie my wil nie, maar U wil..."
    a. Dink jy dit was maklik vir Hom?
    b. Hoe dink jy het God gevoel toe Jesus die spesifieke woorde bid?
    c. Wat is nodig by die bidder om hierdie gebed te kan bid?

-6-

"...gee ons vandag ons daaglikse brood..."

1. God is nie met alle respek gesê hierdie "iemand" wat net na die geestelike omsien nie. Hy is ook die Vader wat in jou fisieke behoeftes voorsien. Hy sorg vir gees, siel en liggaam.
    a. Dink jy dis belangriker om na iemand se geestelike behoeftes om te sien as na die persoon se fisiese behoeftes?
    b. Hoe dink jy voel God oor fisieke behoeftes van die mens?
    c. Dink jy geestelike behoefte is vir God belangriker as fisieke behoefte?

2. As ons na die eerste deel van die Onse Vader gebed kyk dan sal jy sien dat die eerste deel oor die wonder en grootheid van God gaan en daarna word die fokus verskuif.
    a. Hoekom dink jy is die eerste deel juis op God gerig? Sal ek Hom nie beter kan dien as my maag vol is of as daar in my fisieke behoeftes voorsien is nie?
    b. Hoe lyk jou eie gebede? Fokus jy eers op jou behoeftes en dan op God of is dit anders om?

3. God belowe dat Hy vir ons sal sorg?
    a. Het jy dalk 'n getuienis wat jy vir die groep wil lewer oor hoe God al in jou lewe voorsien het en die impak wat dit op jou lewe en verhouding met Hom gehad het?
    b. Het die feit dat God belowe Hy sal voorsien enige impak op die wyse waarop jy lewe?

4. Wat dink jy is ingesluit in die frase “gee ons vandag ons daaglikse brood”?

5. Hoekom dink jy wil God hê dat ons elke dag moet vra?

6. Lees Psalm 37:3-6
    a. Watter advies word hier gegee oor die vra van ons daaglikse brood?
    b. Watter belofte word hier gegee?

7. Lees Matteus 6:25-34
    a. Watter advies word hier gegee oor ons daaglikse brood?
    b. Watter belofte word hier aan ons gegee?

-7-

"...en vergeef ons ons oortredings soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree..."

Enige huis het 'n dak, anders is dit nie 'n voltooide huis nie. Wanneer laas het jy na huise se dakke gekyk. Dit is nou nie juis iets wat 'n mens altyd in gedagte hou nie, maar dit is een van die belangrikste strukture van 'n huis. Die dak beskerm die inwoners. Mense wat huise bou sal vinnig vir jou sê dat dit dom is om kostes op die dak te probeer spaar.

1. 'n Mens kan God se genade met die dak van 'n huis vergelyk. As jy jou gedagtes oor die metafoor laat gaan, hoe ervaar jy God se genade dan? Gee sommer ook 'n definisie van genade.
2. Hoe het God se genade jou al beskerm soos 'n huis se dak?

3. *As Christus ons nie met sy genade bedek het nie sou ons "geestelike bankrekeninge" as't ware permanent oortrokke gewees het. Baie mense dink dat met genoeg deposto's (goeie dade) sal hul geestelike bankrekening altyd 'n positiewe saldo toon.*
    a. Was daar ooit 'n tyd dat jy gedink het jou goeie dade kanselleer jou slegte gedrag uit?
    b. Hoeveel heiligheid dink jy is nodig om in die regte verhouding met God te staan?
    c. Hoe kan 'n mens die regte heiligheid bekom?
    d. Hoe voel dit vir jou om te weet dat God al jou skuld betaal het?
    e. Hoe beïnvloed hierdie gedagte jou gedrag?

4. Lees Jes 64:6 en Rom 3:23
    a. Wat sê die twee verse oor ons skuld by God en wat is die gevolge van hierdie skuld?
5. Lees Rom 4:5, 8:33; 2 Kor 5:19-21; Gal 3:13; 1 Pet 3:18
    a. Hoe het God ons skuld hanteer volgens hierdie verse?
    b. Wat , indien enige, kan ons doen om voordeel te trek uit dit wat God vir ons gedoen het?

6. Wat dink jy is die verband tussen ons sondes wat vergewe word en ons wat weer moet vergewe?
7. Wat dink jy van hierdie stelling: "Ek ontvang God se vergifnis, omdat ek vergifnis uitdeel"?

8. So baie keer sukkel ons om ander te vergewe en dan probeer ons hulle eerder terugkry. Daar is gewoonlik 'n "hoë koste" daaraan om mense terug te kry. Kyk na die volgense teksgedeeltes en stel vas wat die kostes daaraan verbonde is.
    a. Matt 18:21-35; Matt 6:14-15; Gal 5:14-15

9. Lees Luk 6:37-38
    a. Wat moet ons vermy volgens die vers?
    b. Wat is ons verondestel om te doen?
    c. Wat is die resultaat van ons gehoorsaamheid en ons ongehoorsaamheid?



-8-

"...en laat ons nie in die versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose..."

1. Hoekom dink jy moet ons hierdie frase (en laat ons nie in die versoeking kom nie) bid? Is dit nie verkeerd nie?
2. Aan die hand van Jak 1:13 en Ps 37:23-24. Hoe sal jy nou bogenoemde vraag beantwoord?
3. Hoe baie keer het God jou al beskerm teen die bose?
4. Wat is ons aandeel in die proses van God se beskerming van ons teen die bose?

5. Hoe dink jy gebruik God Satan om eintlik vir Hom te werk? Kyk aan die hand van die volgende Bybelfigure se lewens.
    a. Sara, Abraham se vrou
    b. Moses
    c. Saul
    d. Petrus
    e. Paulus

6. Satan het 'n groot invloed in die lewe. Hoe sien jy sy invloed en hoe verstaan jy God se almag in hierdie verband?
7. In watter opsig dink jy is Satan tog onder God se beheer?
8. Hoekom dink jy laat God toe dat Satan aangaan soos wat hy aangaan?

9. Lees Jes 14:12-15 en Eseg 28:12-17
    a. Wat leer die gedeeltes ons oor die transformasie wat by Satan plaasgevind het?
    b. Wat was Satan se groot sonde en tot watter mate trap ons vandag nog in daardie strik?

10. Lees Joh 19:1-16
    a. Vanuit 'n menslike oogpunt, wie blyk in beheer te wees van hierdie toneel?
    b. Lees vers 11. Hoe is dit op ons as kinders van God van toepassing?